



NASIENRIGLYNE MET BLOOM SE TAKSONOMIE**AFRIKAANS EAT V2 PROEFESAMEN 2023**

- Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam gelees kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat dit korrek spel.
- Engelse woorde mag aanvaar word as dit so in die boek/verhaal gebruik word.
- Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.
- Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.
- Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan het en 'n skoot in die donker waag met talle moontlike antwoorde.)

AFDELING A**VRAAG 1**

Vraag	Antwoord	Punt	Vlak
1.1	Sandhurst, Johannesburg	1	2
1.2	Daar heers 'n somber/hartseer atmosfeer./ "In hierdie somberte"/ "skemeragtige plek"/ "sonder klank"/ "swaar gevoel." (enige 1 / enige motivering antwoord binne die konteks)	1	2
1.3	Greg koester die kosbare herinneringe aan John en probeer hard om hom nie te vergeet nie. ✓ Sy ma is platgeslaan deur sy dood en kan nie sy dood verwerk nie. ✓ (enige ander motivering binne die konteks)	2	4

1.4	Hy wil seker maak dat hy hom nie vergeet nie./ Hy kan nie die foto uit die huis vat nie, daarom neem hy 'n foto van die foto.	1	2
1.5.1	Jy moenie die mense wat jou in die verlede ondersteun het, afskryf nie, want jy kan hulle weer nodig kry.	1	3
1.5.2	Thomas Lawson	1	2
1.6.1	Hy het vir Greg vertel dat Dok Pienaar dood is.	1	2
1.6.2	Hulle het hom in die tronk se storte (met 'n skerp gemaakte tandeborsel) gestee/doodgemaak.	1	3
1.7.1	Hy het net 'n grappie gemaak en wou net Greg se reaksie sien.	1	3
1.7.2	Die pistool maak hom bang/dit laat hom ongemaklik voel./ hy wil nie daaraan raak nie./ Greg glo nie aan geweld nie./	1	3
1.7.3	'n Mens kan daaruit aflei dat Greg waarskynlik nog nooit 'n vuurwapen hanteer het nie.	1	4
1.8.1	Dirk Schutte	1	2
1.8.2	By die Palazzo Vecchio	1	2
1.8.3	Hy het 'n boodskap vir Greg gebring./ Greg se ma het gevra dat hy vir Greg 'n boodskap moet bring	1	2
			[15]
	VRAAG 2 PAKKIES, PLANK EN PLEKKE		
2.1	'n Nuwe skootrekenaar	1	1
	Dit is 'n klein elektroniese toestel✓ so groot soos 'n ryskorrel wat jy onder jou vel implant.✓	2	3 en 3
	Dit word met 'n vreemde inspuiting met 'n massiewe dik naald ingeplant.	1	1
	Hy moet na 'n tatoeërwinkel gaan en vra dat hulle dit implant.	1	1

	Hy vra vir Chloe om 'n foto van sy hand te neem✓ en dit te manipuleer sodat dit lyk of hy die transponder ingeplant het. Hy stuur die gemanipuleerde foto aan Xander.	2	1 en 2
	Plank het die transponder in sy hand ingeplant het.✓	1	2
	Om op die nuwe skootrekenaar aan te teken	1	1
2.2.1	Turkye	1	2
2.2.2	Nee, Plank✓ moes saamgaan omdat Greg nie op die rekenaar kan aanteken sonder die transponder in Plank se hand nie.✓	2	3
2.2.3	Sy skootrekenaar ^{1/2} en selfoon ^{1/2}	1	1
2.2.4	Hy vee Greg se nuwe selfoon oor die plek (tussen die duim en die voorvinger) waar die transponder moet wees.	1	4
2.2.5	Hy sê hy is nie meer bereid om Greg te help om die Baker te soek nie. (Die deal is af)	1	5
			[15]
	VRAAG 3		
3.1	Hulle het die transponder wat my persoonlike besonderhede gehad het, in Plank se regterhand gesien en het natuurlik gedink dat dit ek was. (<i>iets soortgelyks</i>)	1	3
3.2	Hy het 'n Turkse straatmous by die naam van Candon bevriend ✓ en sy selfoon geleen om Lisa te bel.✓	2	1
3.3	Ek was gedwing om te kies tussen hom en die Baker se soekery. Ek het gekies om met die Baker se soektog aan te gaan al was dit baie hard om daardie keuse te maak omdat Plank my ou vriend was en ons het van ver af met ons vriendskap gekom. (<i>iets soortgelyks</i>)	2	1 en 4

3.4	Plank het na matriek reguit universiteit toe gegaan terwyl ek 'n gapjaar weens my pa se hofsake afgeneem het.	1	2
3.5	Sy lyf was van pyn geknak, hy het een blou oog gehad, hy het bloed by sy mond gehad, het rooi vlekke wat oor sy T-hemp gesmeer was, het dieselfde klere wat hy in Istanboel aangehad het, en na sweet en braaksel geruik. (<i>enige twee</i>)	2	1 en 2
3.6	Die selfoon	1	1
3.7	Hy was bang, want hy moes die Baker en Valkyrie se bevele volg. Hulle het hom dopgehou. (<i>enige soortgelyke antwoord</i>)	1	3
3.8	Hy het 'n boodskap op die selfoon getik wat gesê het dat dit 'n lokval was.	1	1
3.9	Hy was 'n seun wat as 'n leerder by Lawson gekom het, sy van was Wilken, hy was regter Gericke se seun, (<i>enige iets soortgelyks</i>) [✓] Eckardt Wilken was nie sy regte naam nie, sy regte name is Xander Gericke en hy is 'n hacker. [✓]	2	2
3.10	Hy het my veraai en wraak geneem teenoor my. Hy het gedink dat my pa sy pa laat vermoor het. (<i>enige soortgelyke antwoord</i>)	1	1
3.11	Ja, hy het Xander met sy social-engineering aanval gehelp. Hy het namens Xander na my toe hier in Stellenbosch gekom om vir my te laat weet dat Xander my nie gaan help om die Baker te kry nie. (<i>enige iets soortgelyks</i>)	1	4
			[15]

	VRAAG 4 GREG SE VERHOUDING MET ANDER KARAKTERS		
	Paragraaf 1 – Inleiding		
	Paragraaf 2 – Gewese vriende		
	Na die skandaal van Greg se pa het haar ouers haar verbied om verder in 'n verhouding met Greg betrokke te wees.	1	5
	Sy het een aand 'n partytjie bygewoon en sy het verwagting geraak^{1/2} / sy weet nie wie die pa is nie^{1/2} / sy is nou 'n alleenma^{1/2} / sy het nie gaan studeer nie^{1/2} / haar baba/dogtertjie se naam is Colette^{1/2} / dogtertjie^{1/2}. (Noem twee)	1	3
	Greg voel nie meer aangetrokke tot Nicole nie/ hy is nie meer verlief op haar nie/ hy wil nie die verhouding hervat nie.	1	5
	TJ het vir Greg verraai deur vir die polisie te sê dat Greg rekenaars kraak.	1	4
	Xander (Eckardt Wilken) het Greg aan sy broer, John, herinner.	1	2
	Xander het voorgegee om Greg se vriend te wees, maar hy het hom verraai. Xander het 'n sosiale manipulasie/'social engineering' aanval op Greg se familie geloots om hom op Greg se pa (die Candlestick Maker) te wreek en hy het Greg gebruik om dit te doen.	2	5
	Paragraaf 3 – Nuwe vriende		
	Chloe Adams	1	1
	Kuns	1	2
	Venster – Die straatteater waar eerstejaars sing, dans en toneelopvoerings doen.	1	3
	Greg moet die universiteit se sekuriteitskameras kraak en dan gaan Chloe dit in 'n kunsprojek gebruik.	1	1
	Dain February studeer Sportwetenskap saam met Greg.	1	4
	Hy gee vir hom Ritalin wat hom sal help om beter te kan studeer.	1	5
	Hy hou nie Greg se verlede / die skandaal waarby Greg se familie betrokke was teen Greg nie.	1	4
	Paragraaf 4 – 'n Getroue vriend		
	Hulle was saam by Lawson Kollege.	1	1
	Greg is daar om te studeer ✓ en hou hom nie op met ligsinnigheid nie. Plank stel nie belang in studies nie en is net daar vir die meisies en die partytjies. ✓	2	4 en 4
	Daar word van hulle verwag om in hulle pa's se voetspore te volg – Hulle moet ook sukses in die besigheidswêreld behaal. Plank is ook in Wilgenhof-koshuis omdat sy pa daar was.	1	3

	• Hy is altyd daar vir Greg en gee nie om oor die skandaal waarby sy familie betrokke was nie.	1	4
	• Greg moes tussen Xander en Plank kies toe Xander sê dat Plank kan saamgaan Florance toe nie en Greg het vir Xander gekies.	1	4
	Paragraaf 5 – Slotparagraaf		

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

[25]

D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II AFDELING A

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

INHOUD (20)	<i>Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne.</i>
TAAL EN STRUKTUUR (5)	Struktuur: logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
5 punte	Struktuur: Oorspronklike en kreatiewe inleiding en slot; feite uitsonderlik uiteengesit. Taal: Puik
4 punte	Struktuur: Toepaslike inleiding en slot; feite sinvol uiteengesit. Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog.
3 punte	Struktuur: Geen inleiding en/of slot nie; feite verstaanbaar uiteengesit. Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed.
2 punte	Struktuur: Geen inleiding en/of slot nie; opstel hortend en vloei nie. Taal: Oormatige taalfoute.
1 punt	Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend. Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar.

^	Weglaatteken (hier kan die woord/leesteken ook met 'n afkorting aangedui word.) Bv. O = ontkenning L = leesteken Hulpww = hulpwerkwoord	Woord(e)/leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tye verwarrend/foutief gebruik
?/ʔ (in die kantlyn)	Groot vraagteken/ kronkelstreep	Onduidelik/onverstaanbaar
enough	Kring om woord	Engelse woord
hh	Dubbele h	Herhaling
HI	Hoofletter H, kleinletter I bokant foutiewe letter	Hoofletter
KI	Kleinletter k, kleinletter I bokant foutiewe letter	kleinletter
L	Hoofletter L in kantlyn en streep deur res	Lengte
XL / XS	X en Hoofletter L/S	Inleiding / Slot ontbreek

VRAAG 5 E-POS

- Formaat:**
- Volgens voorbeeld.
- Taal en styl:**
- Taal en styl moet pas by die doel, teikengroep en konteks.
- Inhoud:**
- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
 - Is kandidaat se idees interessant en oorspronklik?
- Instruksies:**
- Die e-pos moet **150-220 woorde** lank wees.
 - Die korrekte formaat moet gebruik word.
 - Die **korrekte woordtelling** moet onderaan die e-pos wees.

Opdrag:

Situasie:

Jou beste vriend bly in Kaapstad. Julle het besluit om aan die einde van julle matriekjaar saam te gaan vakansie hou. Julle eerste vakansie sonder julle ouers. Julle gaan mekaar in Plettenbergbaai ontmoet.

Opdrag:

Skryf 'n **e-pos** van **tussen 150 en 220 woorde** waarin julle die volgende bespreek/finaliseer:

- **datum, vervoer, kos;**
- **akkommodasie;**
- bespreek **plekke** wat jy graag wil besoek;
- **kostes** verbonde.

Aan	
Onderwerp	
Liewe _____ 	

[20]

VRAAG 6**ADVERTENSIE****Instruksies:**

- Die advertensie moet **60 - 100 woorde** lank wees.

Situasie:

Jy het 'n nuwe stokperdjie en het 'n kursus in fotografie voltooi. Jy besluit om sakgeld met jou nuwe vaardigheid te verdien. Jy is nog baie nuut, maar geniet die werk baie. Adverteer jou dienste op **Gumtree**.

Opdrag:

Skryf nou 'n **kort advertensie** van tussen **60 en 100 woorde** en sluit die volgende in:

- **Bespreek** jou kwalifikasie en ondervinding.
- **Prys** van jou dienste.
- **Rede** waarom jy dink jy goed hiermee is.
- **Noem** die funksies/geleenthede waarvoor jy kans sien.

Diens	
Prys	
Beskrywing	

[10]

[30]

TOTAAL: 100 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWER

D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B

VRAAG 5: 20; VRAAG 6: 20 ÷ 2

KRITERIA	UITSONDERLIK					KNAP			VOLDOENDE					ELEMENTÊR				ONVOLDOENDE						
INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR	12	11½	11	10½	10	9½	9	8½	8	7½	7	6½	6	5½	5	4½	4	3½	3	2½	2	1½	1	½
	100%	96%	92%	88%	83%	79%	75%	71%	67%	63%	58%	54%	50%	46%	42%	38%	33%	29%	25%	21%	17%	13%	8%	4%
1. Respons en idees	1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met intelligente idees ; skryfstuk behou fokus.					1. Goeie hantering van tipe teks; opdrag goed benader met goeie idees ; skryfstuk behou fokus.			1. Voldoende hantering van tipe teks; idees gewoon en soms nie gefokus nie.					1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met elementêre idees ; kom nie by die punt uit nie.				1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; mistasting .						
2. Organisering van idees; vloeï van leesstuk	2. Uitstekende samehang van idees en gemaklike vloeï van teks .					2. Goeie samehang van idees en teks vloeï .			2. Leesstuk minder vloeiend .					2. Leesstuk hortend .				2. Leesstuk baie onsamehangend .						
3. Struktuur – Inleiding, slot, para-grafering (12)	3. Struktuur gepas .					3. Struktuur gepas .			3. Struktuur oorwegend gepas met enkele foute .					3. Struktuur toon ernstige foute .				3. Struktuur onvanpas .						
TAAL, TOON EN STYL	8	7½	7	6½	6	5½	5	4½	4	3½	3	2½	2	1½	1	½								
	100%	94%	88%	81%	75%	69%	63%	56%	50%	44%	38%	31%	25%	19%	13%	6%								
1. Toon, register, styl.	1. Toon en register in die kol .					1. Toon en register effektief .			1. Toon en register gepas .					1. Toon en register nie altyd gepas nie .				1. Toon en register onvanpas .						
2. Grammatika	2. Grammatika feitlik foutvry , puik woordeskat ; lees vlot; puik kommunikasie; geen tweede lees nodig nie .					2. Sinne oorwegend goed gekonstrueer; goeie woordeskat ; enkele ernstige foute; kommunikasie goed. Lees maklik .			2. Heelwat ernstige taalfoute maar belemmer nie betekenis nie ; leemtes in woordeskat; enkele Engelse woorde.					2. Taalfoute belemmer betekenis ; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.				2. Besaai met taalfoute ; betekenis verwarrend ; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korrigeer.						

(8)